

# SUID-AFRIKA SE STRATEGIESE POSISIE EN DIE “SLAG VAN CUITO CUANAVALÉ”, 1987-1988

Leopold Scholtz<sup>1</sup>

## Abstract

*The purpose of this article is a critique of the strategic approach to the so-called Battle of Cuito Cuanavale by the leadership of the South African Defence Force (SADF). The article starts with an analysis of South Africa's strategic position on the eve of the campaign in 1987. It concludes that the country was internationally isolated, and that it would have to fight basically alone against FAPLA (the Angolan Army), PLAN (Swapo's army), and possibly also the Cuban forces in Angola – in other words, an overwhelming force. At the same time, the white South Africans viewed the war as an existential struggle which they could not afford to lose.*

*Against the above-mentioned background, the thinking in SADF circles is then analysed. It is shown that leading SADF military thinkers were of the opinion that any campaign would have to be well thought through and concluded quickly, before international pressure became unbearable. Against a much stronger enemy, it was also thought that a brutal head-on clash would be unwise, and that South African forces would have to follow Sir Basil Liddell Hart's "indirect approach".*

*The article subsequently analyses the haphazard way in which the SADF became sucked into the campaign. In the beginning, no clear political objective existed, the South Africans became involved incrementally, they naïvely tried to keep their involvement secret, and threw their indirect approach convictions overboard and opted for exactly the brutal frontal attacks against which their leading thinkers previously warned. The final conclusion is that, although the SADF fared extremely well on a tactical and operational level, their strategic handling of the campaign was not good.*

**Keywords:** SADF; Cuito Cuanavale; Namibia; Angola; Border War.

**Slutelwoorde:** SAW; Cuito Cuanavale; Namibië; Angola; Grensoorlog.

---

## 1. INLEIDING

In die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis was daar waarskynlik geen ander militêre gebeurtenis wat soveel omstredeheid uitgelok het as die sogenaamde Slag van Cuito Cuanavale nie. Wat met dié benaming bedoel word, is die breë weergawe van die SA Weermag (SAW) se Operasies Moduler, Hooper, Packer, Displace en Excite, asook die Angolese weermag (Fapla) se Operasie *Saludando a Octubre*<sup>2</sup>

---

1 Dr. Leopold Scholtz is Media24 se korrespondent in Europa. Hy was elf jaar lank buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en sit sy verbintenis voort as navorsingsgenoot. Hy is kaptein (infanterie) in die Reserwemag van die SA Leër.

2 'n Verwysing na die Russiese Revolusie van 1917.

en Kuba se Operasie *Maniobra XXXI Aniversario*.<sup>3</sup> Dit het 'n reeks gevegte in die omgewing van die Lomba- en die Chamingariviere, die Chamingahoochte, Tumpo (almal in die suidoostelike Angolese provinsie Cuando Cubango), asook Techipa en Calueque (in die suidwestelike provinsie Cunene) ingesluit.

Die omstredenheid spruit voort uit die vraag wie as oorwinnaar uit die reeks operasies getree het. Enersyds beweer mense soos genls. Magnus Malan en Jannie Geldenhuys en min. Pik Botha dat Suid-Afrika gewen het; andersyds sê leiers soos pres. Fidel Castro, min. Ronnie Kasrils en akademici soos proff. Piero Gleijeses en Gary Baines dat die SAW lelik pak gekry het.<sup>4</sup> Dié debat het waarskynlik meer met teenswoordige politiek en ideologiese oortuigings as met objektiewe geskiedskrywing te make. Eersgenoemde groep konsentreer op die SAW-oorwinnings by die Lomba en ignoreer die SAW-teenslae by Tumpo; laasgenoemdes oordryf Suid-Afrika se doelstellings in Angola skromelik om 'n SAW-nederlaag meer aanneemlik te laat klink.<sup>5</sup>

Iets wat in die proses weinig aandag gekry het, is die vraag of Suid-Afrika die veldtog in Angola in 1987-1988 reg aangepak het. Die skrywer het dit byna anderhalwe dekade gelede probeer doen, maar moes sy analise toe op die destyds onvoldoende beskikbare bronne baseer.<sup>6</sup> Noudat veel meer bronne beskikbaar is, is

3 'n Verwysing na die begin van die Kubaanse Revolusie in 1956.

4 Kyk Jannie Geldenhuys, "Veterane van die koue oorlog, insluitend die diensplig-generasie, oor waarheid en propaganda", <[www.news24.com/Rapport/InDiepte/0,,752-2462\\_2447895.00.html](http://www.news24.com/Rapport/InDiepte/0,,752-2462_2447895.00.html)>; Marga Ley, "Jannie Geldenhuys: 'Ek en Castro het nie saamgesweer'", *Beeld*, 12 November 1992; J Geldenhuys, *Dié wat gewen het. Feite en fabels van die Bosoorlog* (Pretoria, 2007), pp. 179 and 191; J Geldenhuys, *South Africa is fantastik* (Pretoria, 2007), pp. 129-137; Magnus Malan, *My lewe saam met die SA Weermag* (Pretoria, 2006), pp. 272-273; Onderhoud van Padraig O'Malley met Pik Botha, 29 September 1997, <[www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv00\\_017/04lv003344/05lv01092/06lv01160.htm](http://www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv00_017/04lv003344/05lv01092/06lv01160.htm)>; Ronnie Kasrils, "Turning point at Cuito Cuanavale", *Mail & Guardian*, 23 April 2008; Fidel Castro, *My life* (London, 2007); "Fidel on 30<sup>th</sup> anniversary of the Battle of Cuito Cuanavale, Angola & more", <[www.itsabouttimebpb.com/Announcements/Fidel\\_on\\_30th\\_Anniversary.html](http://www.itsabouttimebpb.com/Announcements/Fidel_on_30th_Anniversary.html)>; Gary Baines, "Challenging the boundaries, breaking the silences" in Gary Baines en Peter Vale (reds.), *Beyond the Border War. New perspectives on Southern Africa's late-Cold War conflicts* (Pretoria, 2008), p. 4; Baines, "Breaking rank: Secrets, silences and stories of South Africa's Border War", <[www.inter-disciplinary.net/ptb/www/www4/baines%20paper.pdf](http://www.inter-disciplinary.net/ptb/www/www4/baines%20paper.pdf)>; Piero Gleijeses, "Moscow's proxy? Cuba and Africa 1975-1988", *Journal of Cold War Studies* 8(2), Lente 2006, p. 37; P Gleijeses, "Conflicting versions: Cuba, the United States and Angola" in Manuela Franco (red.), *Portugal, os Estados Unidos e a África Austral* (Lisbon, 2006), pp. 119-35; Gleijeses, "Cuba and the independence of Namibia", *Cold War History* 7(2), Mei 2007; Gleijeses, *The Cuban drumbeat. Castro's worldview: Cuban foreign policy in a hostile world* (Londen, 2009); Gleijeses, "Cuito Cuanavale revisited", *Mail & Guardian*, 6-12 Julie 2007.

5 Vgl. Leopold Scholtz, "The South African strategic and operational objectives in Angola, 1987-88", *Scientia Militaria* 38(1), 2010; Leopold Scholtz, "The standard of research on the Battle of Cuito Cuanavale, 1987-1988", *Scientia Militaria* 39(1), 2011.

6 Leopold Scholtz, "Die Slag van Cuito Cuanavale: Wie het werklik gewen?", *Scientia Militaria* 28(1), 1998.

die doel van die artikel om verder op dié pad te loop. Die vraag is wat Suid-Afrika se strategiese posisie teen 1987 was, watter soort operasie dit hom toegelaat het, en of die veldtog aan die eise en beperkings van sy strategiese situasie indertyd voldoen het.

## 2. DIE SUID-AFRIKAANSE STRATEGIESE POSISIE

'n Mens kan begin deur te kyk na Suid-Afrika se breë strategiese posisie teen omstreeks 1987, toe hy in die burgeroorlog tussen die Angolese MPLA-regering en die rebellebeweging Unita ingesuij is, saam met die destydse insigte in die SAW daaroor.

Toe die jaar 1987 aanbreek, was Suid-Afrika reeds meer as twee dekades lank in 'n oorlog in Suidwes-Afrika – vandag Namibië – betrokke. Die eerste jare, 1966-1975, is gekenmerk deur 'n konflik van lae intensiteit. Die wegval van die Portugese koloniale bewind in Angola en die oornome in 1975 van die MPLA, wat net soos Swapo Marxisties-georiënteerd was, het egter aan laasgenoemde 'n veilige hawe verskaf waarvandaan hy die noorde van Suidwes-Afrika byna na willekeur kon infiltrer. Dit het beteken dat die inisiatief in die hande van Swapo was, iets wat die Suid-Afrikanners op die duur nie kon toelaat as hulle die oorlog wou wen nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n reeks oorgrens-operasies, waarvan Reindeer (1978), Rekstok en Saffraan (1979), Sceptic (1980), Protea en Daisy (1981), Super en Meebos (1982), en Askari (1983-1984) die belangrikstes was. In dié operasies is Swapo hard geslaan, wat beteken het dat sy vegters allengs steeds meer die beskerming van Fapla gesoek het, en dit het op sy beurt meegebring dat Fapla vanaf 1981 in die praktyk tot die SAW se belangrikste opponent in Angola ontwikkel het.

In 1983, 1985 en 1986 het die SAW op Unita se aandrang eweneens beperkte, klandestiene en kortstondige operasies in Angola ter ondersteuning van dié beweging geloods.

Van belang is dat die SAW teen 1987 byna 'n dekade se ervaring van intensiewe konvensionele en semi-konvensionele oorgrens-operasies in Angola agter die rug gehad het. Dié ervaring was uiteraard eerstens takties en operasioneel van aard, maar dit het ook vir die militêr-strategiese en veiligheidstrategiese vlak gegeld. Wat was die lesse wat 'n rasonale militêre ontleder in dié tyd redelikerwys op laasgenoemde twee vlakke kon leer?

In retrospek het Suid-Afrika se strategiese posisie rakende die Grensoorlog teen die begin van 1987 die volgende elemente bevat:

*Eerstens:* In sy konvensionele en semi-konvensionele operasies in Angola het die SAW potensieel drie teenstanders gehad. Enersyds was daar Swapo, wat egter nie op konvensionele vlak opgewasse teen die SAW was nie; die beweging het uiteraard op insurgensie-oorlog gespesialiseer. Daarenteen was Fapla, die

tweede teenstander, wel deeglik 'n konvensionele mag, met konvensionele wapens toegerus en langs konvensionele lyne gestruktureer en opgelei. Fapla se vermoë tot mobiele operasies was egter beperk. Tydens Operasies Protea en Askari het die Angolese bloot staties verdedig en alle inisiatief aan die Suid-Afrikaners oorgelaat, wat met oorgawe daarvan gebruik gemaak het. Eers met hul offensiewe van 1985, 1986 en 1987 teen Unita het Fapla, hoewel op 'n baie onbeholpe manier, blyke van 'n mobiele, offensiewe vermoë gegee.

'n Waarnemer sou nietemin kon verwag het dat die SAW met 'n groot oormag te make sou kry. In Julie 1987 het die SAW se Direkoraat Militêre Inligting byvoorbeeld 12 of 13 Fapla-brigades in die sogenaamde Sesde Militêre Streek alleen – die provinsie Cuando Cubango – geïdentifiseer, waarvan sommige enkele weke later in die offensief teen Unita aangewend sou word.<sup>7</sup> Ná die SAW se Operasie Askari in Januarie 1984, waarin Fapla opnuut 'n kwaai pak slae by Cuvelai gekry het, het die Sowjetunie sy lewering van swaar wapens aan Angola aansienlik begin versnel. Lugafweermisiele soos die gevorderde SA-6 en SA-8, honderde T-54/55- en T-62-tenks, infanteriegevegsvoertuie en artillerie, saam met MiG-23- en SU-22-straaljagters en MI-24-aanvalshelikopters, is tot hul beskikking gestel.<sup>8</sup> Teen 1985 het Militêre Intelligensie die MPLA se arsenaal geskat op onder meer 30 MiG-23, 8 SU-8, 50 MiG-21, 16 MiG-17 (almal vegvliegtuie), 33 Mi-24, 27 Alouette III, 69 Mi-8 en Mi-17 (helikopters), asook 30 T-62-, 260 T-54/55-, 150 verouderde T-34- tenks en 50 PT-76-pantservoertuie.<sup>9</sup>

Die derde teenstander was die Kubane, wat eweneens ook oor 'n konvensionele mag in Angola beskik het. Die Kubane kon egter geensins met Swapo of Fapla vergelyk word nie en was baie beter toegerus, gestruktureer en opgelei as hul Angolese kamerade. Die Kubaanse weermag van die sewentiger- en tagtigerjare is intens deur dié van die Sowjetunie beïnvloed. Volgens een kenner het die Kubaanse weermag die USSR se militêre doktrine en struktuur oorgeneem en aangepas vir sy kleiner omvang en minder gevorderde wapenstelsels. Kubaanse offisiere is onder meer in die prestigeryke Frunze- Militêre Akademie en die KE Worosjilof-Generale Stafakademie, albei in Moskou, opgelei.<sup>10</sup>

7 Aanhangsel C by Opso Op Moduler: “Inligtingsplan vir Op Moduler”, Julie 1987, paragrawe 2-3, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/8345653fafdc4754bc125176b5f32e1acbd003e2\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/8345653fafdc4754bc125176b5f32e1acbd003e2_1.pdf)>.

8 Edward George, *The Cuban intervention in Angola, 1965-1991* (Londen, 2005), p. 183; CIA, “Soviet military support to Angola: Intentions and prospects, 1 Oktober 1985, p. 8 (gedeklassifiseerde CIA-ontleding, <[www.foia.cia.gov/browse\\_docs\\_full.asp](http://www.foia.cia.gov/browse_docs_full.asp)>; Chester Crocker, *High noon in Southern Africa. Making peace in a rough neighborhood* (Johannesburg, 1992), p. 196; Peter Vanneman, “Soviet foreign policy for Angola/Namibia in the 1980s: A strategy of coercive diplomacy”, in Owen Ellison Kahn (red.), *Disengagement from Southwest Africa. Prospects for peace in Angola & Namibia* (New Brunswick, 1991), pp. 73-74.

9 Fred Bridgeland, *Jonas Savimbi. A key to Africa* (Londen, 1986), p. 443.

10 Leon Gouré, “Cuban military doctrine and organization”, in Jaime Suchliki (red.), *The Cuban military under Castro* (Miami, 1989), p. 67.

In ’n publikasie van die Amerikaanse Defence Intelligence Agency (1979) word die besonderhede wat hieruit voortspruit, ontleed. Ooreenkomstig Sowjetdoktrine het die Kubane klem gelê op offensiewe optrede, die uitbuit van vuurkrag, verrassing, sekerheid en verkenning.<sup>11</sup> Soos die Sowjetunie het die Kubane klem gelê op offensiewe optrede as van deurslaggewende belang op die slagveld. Hierbenewens is verrassing as van die grootste belang beskou. In só ’n geveg, sê die Amerikaanse ontleding, “the situation remains fluid and fast-moving”, waarna ’n deurbraak en diep penetrasie voorsien word.<sup>12</sup> (Dit, so kan ’n mens byvoeg, was gebaseer op die Rooi Leër se ervarings in die laaste twee jaar of wat van die Tweede Wêreldoorlog.)

Reeds tydens Operasie Savannah in 1975-1976 (of Operasie Carlota, soos die Kubane dit genoem het) het die Suid-Afrikaners agtergekom dat die Kubaanse leër nie ’n katjie was wat sonder handskoene aangepak kon word nie. Leon Gouré bevestig: “A classic example of the resort by Cuban forces to the Soviet principles of offensive operations was their attack on the Somalian forces in Ethiopia, which began with a massive artillery barrage followed by a rapid push by armor and motorised infantry to overrun and outflank enemy forces.”<sup>13</sup>

Dit moet dus duidelik wees dat die Kubane in elk geval ’n formidabele teenstander sou wees indien hulle in grootskaalse gevegte met die SAW betrokke sou raak. Nietemin, enigiemand wat die aanvanklike situasie in 1987 sou ontleed, sou die moontlikheid van gevegte tussen die SAW en die Kubane nie hoog ag nie. Ofskoon Edward George glo dat 80 000 Kubaanse soldate in Angola teen 1983 betrokke was,<sup>14</sup> het pres. Fidel Castro die rol van sy troepe in Angola – klaarblyklik weens die vrees vir groot verliese<sup>15</sup> – beperk tot hoofsaaklik garnisoenpligte in stede en die beskerming van bevoorradingskonvooe. In Suid-Angola was ongeveer 5 000 man langs die spoorlyn tussen Namibe en Menongue as ’n soort veiligheidsheining gestasioneer, minstens 250 km weg van die Namibiese grens. Hulle was bewapen met tenks, artillerie, gevorderde radar, lugafweertoerusting en lugverdediging. Enkeles was suid van die spoorweg gestasioneer, maar die amptelike beleid was nie om in die provinsies Cunene of Cuando Cubango te opereer nie<sup>16</sup> – met ander woorde, om weg te bly van die SAW. Castro het sy leër in Angola vergelyk met “’n skild teen Suid-Afrika se bedreiging”.<sup>17</sup> Op ’n veiligheidsstrategiese vlak was sy

11 *Handbook on the Cuban Armed Forces* (s.p., US Defense Intelligence Agency, April 1979), pp. 5/11-12.

12 *Ibid.*, pp. 5, 25-27.

13 Gouré, in Suchliki (red.), p. 69.

14 George, p. 120.

15 Vladimir Shubin, *The “Hot” Cold War. The USSR in Southern Africa* (Londen, 2008), pp. 97-98. Vgl. ook George, p. 122.

16 George, pp. 120, 152-153; Bridgeland, pp. 237 en 270.

17 David Deutschmann (red.), *Changing the history of Africa. Angola and Namibia* (Melbourne, 1989), p. 106 (toespraak van Fidel Castro, 5 Desember 1988).

houding dus verdedigend.<sup>18</sup> Tog, van belang is dat niemand seker kon weet dat die Kubane onaktief sou bly nie.

Verder was die USSR ook toenemend betrokke by die oorlog in Angola, ofskoon dié supermoondheid weinig soldate in die land gehad het; sy betrokkenheid was veral op leiersvlak. Reeds tydens Operasie Protea het SAW-troepe enkele Sowjet-offisiere en -onderoffisiere doodgeskiet en een gevange geneem, wat die Sowjet-betrokkenheid aan die kaak gestel het.<sup>19</sup> Aan die begin van 1983 het die Sowjetunie 'n nuwe senior offisier na Angola gestuur om bevel oor al die Angolese en Kubaanse magte oor te neem, naamlik genl. Konstantin Koerotsjkin. Koerotsjkin was 'n aggressiewe aanvoerder, en hy en sy opvolgers was die dryfkrag agter die opeenvolgende Angolese offensiewe teen Unita in 1985, 1986 en 1987.<sup>20</sup> Teen 1987 het die CIA geskat dat 'n totaal van 1 200 Sowjet- en 500 Oos-Duitse militêre personeel in Angola was as raadgewers en tegnici om ingewikkelde toerusting te onderhou, lugafweerstelsels op te bou en instrukteurs vir Angolese, Swapo- en ANC-troepe op te lei.<sup>21</sup>

Met ander woorde, 'n waarnemer wat Suid-Afrika se militêre vooruitsigte in 1987 begin ontleed het, sou redelikerwys kon verwag om hoofsaaklik teen 'n sterk, maar relatief swak opgeleide en georganiseerde Fapla en Swapo te veg. Dié magte sou ewenwel bygestaan kon word deur veel beter Kubaanse eenhede, en die oorhoofse leiding sou verskaf word deur Sowjet-aanvoerders wat uit die hoofde van hul militêre doktrine aan aggressiewe offensiewe optrede geglo het.

Daarteenoor kon die Suid-Afrikaners in normale omstandighede nie naastenby dieselfde soort krag monster nie. In die grootste oorgrens-operasie tot in dié stadium, Protea in Augustus 1981, is 'n versterkte brigade van hoogstens 4 000 man, georganiseer in vier mobiele veggroepe, in Angola ingestuur.<sup>22</sup> Op die hoogtepunt van Operasie Moduler, wat in 1987 sou volg, het die SAW-grondmagte drie gevegsgroepe – waarvan twee gemeganiseer en een gemotoriseer, plus artillerie – aangewend,

18 Vgl. "Transcript of meeting between U.S. Secretary of State Alexander M. Haig, Jr., and Cuban Vice Premier Carlos Rodriguez, Mexico City, 23 November 1981, <[www.wilsoncenter.org/index.cfm?topic\\_id=1409&fuseaction=va2.document&identifier=5034EF21-96B6-175C9C45700AE8493D87&sort=Subject&item=Contras](http://www.wilsoncenter.org/index.cfm?topic_id=1409&fuseaction=va2.document&identifier=5034EF21-96B6-175C9C45700AE8493D87&sort=Subject&item=Contras)>.

19 Vgl. Jan Breytenbach, *Buffalo soldiers. The story of South Africa's 32 Battalion 1975-1993* (Alberton, 2002), p. 227.

20 Shubin, hoofstuk 6.

21 CIA, "Soviet foreign military assistance", Mei 1987, p. 23 (gedeklassifiseerde CIA-ontleding, <[www.foia.cia.gov/docs/DOC\\_0000802746/DOC\\_0000802746.pdf](http://www.foia.cia.gov/docs/DOC_0000802746/DOC_0000802746.pdf)>).

22 Roland de Vries, "OPSO 1/81: Ops Protea", 14 Augustus 1981, p. 2 (dokument verskaf deur genl. maj. De Vries); Johann Dippenaar, "OPSO 1/81, 309/1 Oef. Kony'n", 8 Augustus 1981, paragraaf 4, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/cb359e448f8ccd0dba8fed1b37b5c6cb444689fe\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/cb359e448f8ccd0dba8fed1b37b5c6cb444689fe_1.pdf)>; Dippenaar, "Operasie Protea: Veggroep 20 bevelvoerdersdagboek", paragraaf 4, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/ce52e693200ac072774bfd2fb984fa369994a6c9\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/ce52e693200ac072774bfd2fb984fa369994a6c9_1.pdf)>; Piet Nortje, *32 Battalion The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Kaapstad, 2006), p. 169; Breytenbach, p. 223.

wat nooit sterker as 3 000 man was nie.<sup>23</sup> En in 1988, met die Kubane ná hul opmars rondom die Suid-Afrikaners se een flank by Cuito Cuanavale na die Namibiese grens in Cunene, het die SAW met moeite ’n gemeganiseerde divisie gemobiliseer, aanvanklik met die doel om die Kubane oorkant die grens te gaan aanval en vernietig ingeval die vredesamesprekings sou misluk; later om ’n Kubaanse inval in Namibië af te skrik. Dié formasie, moontlik 10 000 man sterk, moes egter swaar op die Burgermag steun en kon dus nie langer as enkele weke gevegsgereed gehou word nie.<sup>24</sup>

Bowendien kon die SAW nie sy volle krag in Angola aanwend nie. Hy moes ook ’n teeninsurgensie-oorlog in die noorde van Suidwes-Afrika (tans Namibië) – tradisioneel ’n omvattende troepe-intensiewe saak – veg. In die loop van die tagtigerjare moes steeds meer troepe die swart townships patroleer om die groeiende onrus hok te slaan, en hy moes ook troepe langs die grense met Mosambiek en Zimbabwe hou om teen eventuele bedreigings uit dié lande te waak.

*Tweedens:* Hieruit het voortgevloei dat die blanke Suid-Afrikaners – reg of verkeerd – die idee gehad het dat hul oorlewing en voortbestaan op die spel was. Dit het uiteraard gegaan om die vrees vir oorheersing deur die swart meerderheid, maar ook vrees vir ’n magsoorname deur bevrydingsbewegings soos die ANC en Swapo, wat as kommunisties beskou is.<sup>25</sup> Indien die SAW op die kommunistiese alliansie se voorwaardes gedwing sou word om hom aan Angola en Suidwes-Afrika te onttrek, sou dit dié oorlewing aansienlik bemoeilik, is geglo. Die Suid-Afrikaners het gemeen hulle kan dit eenvoudig nie bekostig om ’n oorlog te verloor nie.

*Derdens:* Suid-Afrika se geografiese omvang (en hier sou ’n mens dié van SWA/Namibië moet byvoeg) was groot. Op sigself sou daar dus gesê kon word dat die Republiek aansienlike strategiese diepte het. Dit is egter misleidend. Die waarheid is dat Suid-Afrika dit nie kon bekostig dat ’n vyand selfs maar ’n vierkante meter van die grondgebied onder sy beheer beset nie. Die blankbeheerde in Suid-Afrika het, byna soos die antieke Spartane in Griekeland, regdeur hul geskiedenis te make gehad met ’n ontevrede en rebelse onderklas wat in ’n wisselende mate van ongeduld gewag het op die dag dat die wit voet op die swart nekke afgewerp word. Die besetting van selfs maar ’n klein stukkie van Suid-Afrika self of van Namibië in die tagtigerjare sou vir die wittes ’n geweldige sielkundige terugslag en vir die swartes ’n enorme aanmoediging gewees het.

23 Geldenhuys, *Dié wat gewen het*, p. 187; Geldenhuys: *South Africa is fantastik*, p. 131.

24 Vgl. bv. H Leër/D Ops/309/4 – Hilti: “Op Instr Op Hilti”, 30 Mei 1988, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/f904143ad3c958ddb6600d092f2e0b48a42d247e\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/f904143ad3c958ddb6600d092f2e0b48a42d247e_1.pdf)>; Sek 10/301/1/Op Hilti: “Bevelswaardering vir die opstel van op plan: Op Faction”, 6 Junie 1988 (dokument verskaf deur genl.maj. Roland de Vries); 309/4/Op Prone: “Opso 1/88: Op Prone”, 19 Julie 1988 (dokument verskaf deur genl.maj. Roland de Vries).

25 Vgl. bv. *Witskrif oor Verdediging en Krygstuigvoorsiening*, 1984, p. 1, paragraaf 3; Malan, pp. 67-68; Robert Scott Jaster, *The defence of white power. South African policy under pressure* (New York, 1988), p. 91.

Dit het die Suid-Afrikaanse regering dus genoop om 'n vyand so ver weg as moontlik van die Suid-Afrikaanse grense aan te pak – vandaar die hulp wat die regering voor 1974 aan die Portugese koloniale bewind in Angola en voor 1980 aan die blanke minderheidsregering in die destydse Rhodesië gegee het. In die Staatsveiligheidsraad het PW Botha verklaar dat Suid-Afrika met 'n “oorlewingstryd” besig is<sup>26</sup> – vandaar Suid-Afrika se onwil om hom op só 'n manier aan Namibië te onttrek dat Swapo – wat as 'n kommunistiese organisasie gesien is – die bewind in Windhoek oorneem.<sup>27</sup>

Op 'n vergadering van die Staatsveiligheidsraad vroeg in 1980 het die destydse Hoof van die Weermag, genl. Magnus Malan, byvoorbeeld onder meer gesê: “Rhodesië en Suidwes-Afrika is vir ons kernpunte. Die vraag is of ons 'n voorste verdedigingstrategie of 'n nabye strategie gaan toepas. Ons wil die RSA se nasionale veiligheid buite die RSA verseker. ... Die voorste verdedigingslyn moet buite die Republiek wees. Ons moet die tyd en plek kan kies.”<sup>28</sup>

Premier PW Botha se antwoord aan Malan was dat “die vergadering nie fout sal vind met sy redenering nie. As ons op die Limpopo en die Oranje veg, kan die vyand ons hartland aanval.”<sup>29</sup>

Vandaar ook die herhaalde oorgrens-operasies in Angola. Swapo moes eenvoudig nie die kans kry om “bevryde gebiede” suid van die grens te vestig nie.

*Vierdens:* Voortvloeiende uit die enorme geografiese omvang van Suid-Afrika en Namibië, is die SAW se militêre posisie in die noorde van Namibië, en veral in Angola, bemoeilik deur 'n uiters lang logistieke lyn. Alles – en dit sluit in versterkings en vervanging van mannekrag, voertuie, wapens, onderdele, ammunisie, brandstof en olie, uniforms, mediese voorrade, selfs kos – moes van Pretoria en/of Kaapstad na die noorde van Namibië geneem word. Tydens Operasies Moduler, Hooper en Packer is alles op C-130- of C-160-fragvliegtuie gelaai en snags van Grootfontein na Mavinga gevlieg, waar dit weer op bosvoertuie soos Kwêvoëls oorgelaai en moeisam deur die bos na die front vervoer is. By vroeëre oorgrens-operasies was dit veel minder van 'n probleem, aangesien dié operasies betreklik kort van duur was, meestal nie langer as 'n week of twee, drie nie. Die eenhede kon dus die meeste voorrade saamneem. Maar Moduler/Hooper/Packer het van begin

26 Notule van die Staatsveiligheidsraad, 28 Januarie 1980, p. 8, <[www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com\\_displaydc&recordID=min19800128.040.024.080](http://www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com_displaydc&recordID=min19800128.040.024.080)> (Disa-aanlyn-argief).

27 Pik Botha – Al Haig, 19 Mei 1981. Die internet-adresse van al die Buitelandesake-dokumente by die Aluka-aanlynargief is buitengewoon lank, te lank om in elke voetnoot te reproduseer. Al die dokumente is te vinde in die indeks, <[www.aluka.org/action/doBrowse?sa=hist&t=2067&br=tax-collections%7Cpart-of%7Ccollection-minor](http://www.aluka.org/action/doBrowse?sa=hist&t=2067&br=tax-collections%7Cpart-of%7Ccollection-minor)>. Vgl. ook Brand Fourie, *Brandpunte. Agter die skerm met Suid-Afrika se bekendste diplomaat* (Kaapstad, 1991), pp. 176-178.

28 Notule van die Staatsveiligheidsraad, 28 Januarie 1980, p. 8, <[www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com\\_displaydc&recordID=min19800128.040.024.00](http://www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com_displaydc&recordID=min19800128.040.024.00)>.

29 Notule van die Staatsveiligheidsraad, 28 Januarie 1980, p. 8, <[www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com\\_displaydc&recordID=min19800128.040.024.080](http://www.disa.ukzn.ac.za/index.php?option=com_displaydc&recordID=min19800128.040.024.080)>.



tot einde sowat agt maande geduur, en om die oorhoofse Suid-Afrikaanse formasie in die veld, 20 SA Brigade, só lank te bevoorraad, het uiters problematies geblyk te wees. Yslike tekorte van alles het ontstaan, en heelparty belangrike wapenstelsels, van tenks en pantservoertuie tot kanonne, het tydelik ondiensbaar geword.<sup>30</sup> Ook Helmoed-Römer Heitman se gevolgtrekking is dat die SAW se logistiek “some serious problems” opgelewer het: “The South Africans would also appear to have underestimated the difficulties of the terrain of south-eastern Angola.”<sup>31</sup>

Feit is dus dat die SAW-logistiek kwalik in staat was om ’n brigade in die Suidoos-Angolese bos te onderhou sonder dat die fronttroepe se gevegsvermoë daaronder ly.

*Vyfdens:* Die internasionale klimaat het vir die Suid-Afrikaanse regering deur die tagtigerjare steeds meer negatief geword. Reeds in 1971 het die Verenigde Nasies (VN) Suid-Afrika se protektoraat oor Suidwes-Afrika teruggetrek, en in 1976 het die organisasie se Algemene Vergadering Swapo as die “sole and authentic representative of the Namibian people” erken.<sup>32</sup> In 1977 het die Veiligheidsraad ’n verpligte wapenboikot teen die Republiek ingestel. In die jaar daarop is Resolusie 435 in die Veiligheidsraad aanvaar, ingevolge waarvan die meganisme vir ’n vrye en regverdige verkiesing en Suid-Afrika se terugtrekking vasgelê is.<sup>33</sup>

Die SAW se militêre optrede in Angola is ook deur steeds meer internasionale afkeuring gestuit. Operasie Reindeer, veral die lugstorm-aanval op Cassinga, is skerp in ’n resolusie deur die Veiligheidsraad veroordeel.<sup>34</sup> Teen 1983, toe Operasie Askari beplan is, moes die operasie selfs kortgeknip word weens die internasionale teenstand. Selfs die Reagan-administrasie in Amerika, wat Suid-Afrika tot in dié stadium internasionaal beskerm het, het by ’n Veiligheidsraad-resolusie van afkeuring buite stemming gebly, terwyl Frankryk en Kanada hulle aan die Vyfnasie-Kontakgroep (wat tussen Suid-Afrika en die VN bemiddel het) onttrek het.<sup>35</sup> Die skerp negatiewe internasionale houding het dit dus vir Suid-Afrika buitengewoon moeilik gemaak om uitgerekte oorgrens-operasies sonder groot nadelige gevolge aan die gang te hou.

Suid-Afrika kon gevolglik in die lig van die internasionale druk en ander faktore nie werklik ’n uitgerekte militêre operasie buite sy grense bekostig nie.

30 Vgl. Leopold Scholtz, “The air war over Angola, 1987-1988: An analysis”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 34(1), Februarie 2009, pp. 248 en 261.

31 Helmoed-Römer Heitman, *War in Angola. The final South African phase* (Alberton, 1990), p. 345.

32 Crocker, p. 39.

33 Teks van resolusie, <[daccess-dds-ny.un.org/doc/resolution/gen/nr0/368/80/img/nr036880.pdf?OpenElement](http://daccess-dds-ny.un.org/doc/resolution/gen/nr0/368/80/img/nr036880.pdf?OpenElement)>.

34 Teks van resolusie, <[www.unhcr.org/refworld/country,,unsc,resolution,ago,,3b00f16f0,0.html](http://www.unhcr.org/refworld/country,,unsc,resolution,ago,,3b00f16f0,0.html)>.

35 Crocker, pp. 178-179; Pieter Wolvaardt, Tom Wheeler en Werner Scholtz (reds.), *From Verwoerd to Mandela. South African diplomats remember* 1 (Johannesburg, 2010), p. 276.

### 3. DIE SUID-AFRIKAANSE INSIGTE IN 1987

Bogenoemde ontleding is, soos dit maar met historici gaan, vanuit 'n leunstoel en met die voordeel van agternakennis gedoen. Die eintlike vraag is: Watter insigte het die rolspelers *destyds* gehad? Of watter insigte *kon* hulle redelikerwys gehad het, in die lig van die ervaring wat hulle met verskeie oorgrens-operasies opgedoen het?

Volgens genl. Jannie Geldenhuys, indertyd Hoof van die Weermag, het die SAW destyds wel deeglik ingesien dat oorgrens-operasies nie te lank mog duur nie. Met elke operasie, skryf hy, “het ons altyd beplan om ons doelwitte so gou as moontlik te verweselik. Die gevaar het altyd bestaan dat internasionale politieke druk 'n einde tot die operasie kon afdwing voordat ons ons doelwitte kon bereik.” Ook PW Botha was dieselfde mening toegedaan. By ten minste twee geleenthede tydens Moduler/Hooper/Packer, sê Geldenhuys, het Botha hom “ernstig vermaan dat ons moet klaarmaak en terugkom. ... Hy wou nie 'n ‘Viëtnam’ gehad het nie. Ons moes ons missie uitvoer en uit Angola onttrek.”<sup>36</sup>

Maar nou ja, dié woorde is ook ná die tyd geskryf. Wat het die SAW vóór die aanvang van Moduler gedink? Omvattende navorsing sal nog hieroor in die SAW se Dokumentasiesentrum gedoen moet word, maar meer is tans reeds uit gepubliseerde bronne bekend.

Die voorbeeld van Operasie Savannah, die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die eerste fase van die Angolese Burgeroorlog in 1975-1976, het swaar op die SAW se gemoed gewee. Toe is die land aarselend en inkrementeel, teen die beterwete van die destydse eerste minister, John Vorster, ingesuig, sonder dat 'n behoorlik deurdagte politieke doel bestaan het, sonder duidelikheid oor die gewenste gevolge, en sonder dat voldoende militêre middele daarvoor beskikbaar was.<sup>37</sup> Ofskoon die SAW op taktiese en operasionele vlak uitstekend gevaar het, het dit op 'n strategiese debakel uitgeloop. Een van die lesse wat die SAW dus uit die operasie geleer het, spreek uit die woorde van brig. George Kruys: “The fog which descended from the political level and obscured the view of the field commanders would be evaded. The aim of future operations would be precisely formulated. Incremental and extended involvement was out; operations would start with sufficient forces and would be of limited endurance.”<sup>38</sup>

In 1984 het genl. Constand Viljoen, destydse Hoof van die Weermag, in 'n openbare voorlesing in detail gewys op die skerp toename in konvensionele wapentuig by Suid-Afrika se bure, wapens wat uit die Sowjetunie afkomstig was.

36 Geldenhuys, *Dié wat gewen het*, pp. 172-173 en 177.

37 Vgl. FJ du Toit Spies, *Angola. Operasie Savannah* (Pretoria, SA Weermag Direkoraat Openbare Betrekkinge, 1989), pp. 60-76; Breytenbach, p. 124.

38 George Kruys, “Doctrine development in the South African armed forces up to the 1980s”, in Mike Hough en Louis du Plessis (reds.), *Selected military issues with specific reference to the Republic of South Africa* (Instituut van Strategiese Studie, *ad hoc*-publikasie 38), p. 13.

Desondanks, het hy gesê, weens hul swak ekonomieë, interne onstabiliteit, gebrekkige infrastruktuur en onvermoë om gevorderde militêre toerusting te onderhou, hou die Afrikastate “no real offensive military threat to the RSA” in nie. Maar, het hy voortgegaan, dié bewapening is deel van die Sowjetstrategie vir Suider-Afrika. Sy gevolgtrekking was dat die konvensionele militêre bedreiging gelê het in die versteuring van die militêre *status quo* deur die lewering van gevorderde wapens aan Suid-Afrika se vyandelike buurstate. Die moontlikheid dat Suid-Afrika in ’n volskaalse konvensionele konflik betrek kan word, was denkbaar in die konteks van “a drastic escalation of the East-West conflict and/or if the revolutionary struggle develops into a conventional war”. In laasgenoemde geval sal dit afhang van “the direct involvement of the USSR and its satellite states in the conflict situation in Southern Africa”.<sup>39</sup>

Met ander woorde, Viljoen het die moontlikheid ingesien dat die SAW die een of ander tyd in ’n konvensionele konflik teen ’n oormag gewikkel kon word.

’n SAW-spesialis in pantseroorlogvoering, kol. (later genl.-maj.) WG Lombard, bevelvoerder van 81 Pantserbrigade, het omstreeks dieselfde tyd met verwysing na Fapla se gebrekkige optrede tydens Operasies Protea en Askari ook geringskattend na die Angolese militêre vermoëns verwys, maar betekenisvol anders oor die Kubane geoordeel: “The situation could obviously change considerably if participation by surrogate forces were to be increased. This is an important reason for South Africa’s uneasiness about surrogate forces in Southern Africa.”<sup>40</sup> (“Surrogaatmagte” was destyds in sowel Suid-Afrika as Amerika ’n kodewoord vir die Kubane.)

Die insiggewendste publikasies was ewenwel ’n boek deur kol. (later genl.-maj.) Roland de Vries, destyds tweede in bevel van die Leërgevegskool te Lohatla (hy het operasionele ervaring as bevelvoerder van 61 Gemeganiseerde Bataljongroep in Operasies Protea en Daisy opgedoen), en ’n artikel deur hom en ’n junior offisier, lt. GI McCaig, oor mobiele oorlogvoering.<sup>41</sup> Die feit dat dié twee publikasies verskyn het op die vooraand van Operasie Modular, maak hulle des te meer betekenisvol. Met betrekking tot Suid-Afrika se strategiese posisie word in die twee publikasies verskeie fundamentele aspekte aangeraak.

Die eerste gaan oor Suid-Afrika se internasionale posisie:

“Konflik vorm ’n deel van internasionale verhoudinge. Alles in ag genome, is dit te betwyfel of supermoondhede die RSA sal toelaat om uitgerekte konvensionele veldslae teen sy aggressors te voer. Internasionale druk wat tydens onlangse oorgrens-operasies op die RSA uitgeoefen is, is genoegsame bewys hiervan.

39 CL Viljoen, “The conventional threat to the RSA and SWA”, in M Hough (red.), *Revolutionary warfare and counter-insurgency* (Pretoria, ISSUP, *ad hoc*-publikasie, Maart 1984), p. 7.

40 WG Lombard, “Armoured warfare: Evolution and tendencies”, *Strategic Review for Southern Africa*, Desember 1984, p. 13.

41 Roland de Vries, *Mobiele oorlogvoering. ’n Perspektief vir Suider-Afrika* (Menlopark, 1987); R de Vries en GI McCaig, “Mobile warfare in Southern Africa”, *Strategic Review for Southern Africa*, Augustus 1987, pp. 11-20.

Konvensionele operasies wat die RSA derhalwe onderneem, sal blitsvinnig uitgevoer en militêre beslissings haastig afgedwing moet word. Hierdeur word diplomatieke, politieke en militêre handelsvryheid vir die RSA op die mees beslissende asook ekonomiese wyse denkbaar geskep.”<sup>42</sup>

In die artikel brei hy en McCaig verder hierop uit:

“In a conventional war, the SA Defence Force would be faced by a numerically superior force and would, in all probability, also have to contend with an unfavourable air situation [profetiese woorde! – LS] which may develop as a result of the massive build-up of both aircraft and anti-aircraft installations in the Frontline States. Despite their often negative attitude towards the RSA, it is unlikely that the superpowers would allow this country to wage a long-term conventional war against its aggressors for fear of becoming directly involved. Conventional operations on which the RSA may embark, will therefore have to be both swift and decisive and will necessitate expeditious, yet sound and well-founded decision-making.”<sup>43</sup>

Bogenoemde idee herinner sterk aan die idees wat genl. Colin Powell in sy jare as Hoof van die Amerikaanse Weermag rakende Amerikaanse betrokkenheid by oorloë elders in die wêreld ontwikkel het, bekend as die “Powell-leer”. Powell het sy oortuigings, beïnvloed deur die Viëtnamese Oorlog en die Golfoorlog van 1991, in 1992 in ’n artikel in die tydskrif *Foreign Affairs* verwoord.

Ten grondslag aan die besluit om jou strydkragte aan te wend, het hy geskryf, lê vroe soos:

“Is the political objective we seek to achieve important, clearly defined and understood? Have all other nonviolent policy means failed? Will military force achieve the objective? At what cost? Have the gains and risks been analyzed? How might the situation that we seek to alter, once it is altered by force, develop further and what might be the consequences? ...

When the political objective is important, clearly defined and understood, when the risks are acceptable, and when the use of force can be effectively combined with diplomatic and economic policies, then clear and unambiguous objectives must be given to the armed forces. These objectives must be firmly linked with the political objectives. We must not, for example, send military forces into a crisis with an unclear mission they cannot accomplish ...”<sup>44</sup>

In sy memoires het Powell effens verder gegaan: “Have a clear political objective and stick to it. Use all the force necessary, and do not apologize for going in big if that is what it takes. Decisive force ends wars quickly and in the long run saves lives.”<sup>45</sup>

Wanneer ’n regering besluit of hy oorlog wil maak, moet hy in sy besluitnemingsproses deur die volgende fases gaan:<sup>46</sup>

- Wat presies is die politieke doel? Wat is die eindresultaat wat jy met die gebruik van militêre geweld wil bereik?

42 De Vries, p. xix.

43 De Vries en McCaig, p. 11.

44 Colin Powell, “U.S. forces: Challenges ahead”, *Foreign Affairs* 71(5), Winter, 1992, pp. 38-39.

45 Colin Powell, *My American journey* (New York, 1995), p. 434.

46 Die outeur se eie idees.

- Wat is die waarskynlike prys – in terme van geld, verlies van menseleuens en toerusting, politieke betrekkinge binne- en buitelands – wat jy daarvoor sal moet betaal?
- Is jy in staat om dié prys te betaal? Indien nie, gaan terug na stadium een en kies ’n beskeier doel.
- Is jy in beginsel in stáát om die prys te betaal, maar om die een of ander rede nie gewillig nie – byvoorbeeld omdat die prys te hoog is in vergelyking met die politieke voordeel wat jy soek? Indien nie, gaan terug na stadium een en kies ’n beskeier doel.

Eers wanneer ’n regering dié proses deurloop het, kan hy op militêre middele ter bereiking van ’n politieke doel besluit. Of die Suid-Afrikaanse besluitneming in 1987 hieraan voldoen het, sal ons ietwat later sien.

Gebaseer op die uitgangspunt dat die SAW moes verwag om vinnig teen ’n oormag, vyandelike lugoorig en in ’n uiters vyandelike internasionale klimaat met die vyand klaar te speel, het De Vries uitgebreid op die noodsaak van mobiele oorlogvoering ingegaan. As ’n swakker Suid-Afrikaanse mag vinnig oor ’n sterker vyand wou triumfeer, het hy geskryf, “manoeuvrability has to form the nucleus of its operational concepts and hence battle doctrines”. Hy haal Thomas Pakenham se oordeel oor die Boerekommando’s tydens die Anglo-Boereoorlog goedkeurend aan: “There was one iron law of strategy imprinted on the mind of the Boers like a law of the wild: the answer to superior numbers is superior mobility.”<sup>47</sup>

Dié groter beweeglikheid, het De Vries aangevoer, moet gepaardgaan met die indirekte benadering wat reeds voor die Tweede Wêreldoorlog deur die Britse strateeg, sir Basil Liddell Hart, bepleit is. Dit beteken dat frontaanvalle op goed voorbereide verdedigende stellings taboe is. Die essensie van Liddell Hart se gedagtes was juis om die vyand aan te val waar en wanneer hy dit nié verwag nie. Die fisiese vernietiging van die vyandelike mag is nie die enigste metode om die vyand buite aksie te stel nie. Die klem moet eerder val op die “ontwrigting en ontneming van die vyand se wil om te veg”. Dus, herhaal hy: “Konvensionele operasies moet blitsvinnig oor ’n kort bestek van tyd uitgevoer word. Militêre beslissings moet vinnig afgedwing word.”<sup>48</sup>

En dus is waarskynlik sy belangrikste konklusie, een wat na regte soos ’n simbaalslag deur die SAW moes weerklink het: “Die doel moet dus wees om die vyand op vindingryke wyse te uitoorlê, eerder as om in ’n kop aan kop volskaalse konfrontasie betrek te word – *Bloed is beslis nie die prys van oorwinning nie.*”<sup>49</sup>

47 De Vries en McCaig, pp. 12-13.

48 De Vries, p. 90.

49 *Ibid.*, p. xxii. (De Vries se beklemtoning.)

Uit 'n nog ongepubliseerde, onvoltooide herinneringsgeskrif wat De Vries goedgunstiglik aan die skrywer van hierdie artikel beskikbaar gestel het, blyk dat hy bogenoemde idees saam met ander offisiere reeds in die sewentigerjare begin ontwikkel het. In die gemeganiseerde infanterie en pantser – met ander woorde, eenhede soos 1 SAI, 4 SAI, 61 Gemeganiseerde Bataljonggroep (61 Meg), 1 en 2 Spesiale Diensbataljon en die Pantserkool – het die idees ingang gevind, soos bewys is in die hoogs mobiele oorgrens-operasies in Angola vanaf 1978, waarna dit steeds verder in die praktyk ontwikkel is en groot sukses behaal het. Daarbuite het dit soms op weerstand gestuit. De Vries vertel dat, toe hy ná sy termyn as bevelvoerder van 61 Meg na die Leërgevegskool te Lohattha gestuur is, hy verneem het van sommige offisiere wat sê hy leer nou “sy eie doktrine” (met ander woorde, nie die Leër s'n nie) aan die troepe. In 'n terugblik meen De Vries dat “there were some officers in our army who never really understood the operational level of war, nor did they study campaigns and never ever really even understood our own army doctrine; not to mention the creative development of invigorating fresh ones”.<sup>50</sup>

Elders het hy dit só gestel:

“Lande soos Israel het byvoorbeeld 'n militêre strategie gevolg wat suiwer konvensioneel, maar beperkend van aard was. Daar is in dié opsig na 'n gewelddadige kortstondige, of 'beperkte oorlog' verwys. In Engels het die toepassing as 'n 'Short War Defence System' bekend gestaan. Mobilisasie, oorwinning en afsluiting moes in hierdie verband blitsvinnig geskied. Dié toedrag was logies, aangesien die land nie oor voldoende militêre bronne, mense en ekonomiese uithouvermoë vir langdurige oorlogvoering beskik het nie – baie soos wat die situasie destyds met Suid Afrika was. Die Israeli's het hul konsep van blitsoorlogvoering suksesvol tydens die Sesdaagse Oorlog in Junie 1967 en tydens die Jom Kippoer-Oorlog in Oktober 1973 toegepas. Die definisie vir hierdie styl van militêre optrede word soos volg beskryf (*Alternative to Armageddon*, deur Yale, White en Von Manteuffel): ‘A conflict conducted with lightning speed and force ...violent surprise offensive by concentrated air and ground forces ...in close coordination and designed to achieve victory in a minimum of time ...’<sup>51</sup>

Ten slotte: Deur die verkryging van nuwe MiG-23-vegvliegtuie, maar veral 'n nuwe radarnetwerk waarmee die hele suide van Angola en selfs die noorde van Suidwes-Afrika gedek kon word, asook die ontplooiing van gevorderde lugafweermisiele, is die Suid-Afrikaanse Lugmag se oorheersing van die lugruim aan bande gelê. Dit is iets wat iemand soos Lt.-genl. Denis Earp, Hoof van die Lugmag, goed begryp en wat hom bekommer het.<sup>52</sup>

Kortom: Daar was offisiere wat goed begryp het watter beperkings Suid-Afrika se strategiese situasie aan die land gestel het, en hoe die weermag gevolglik daarop moes reageer. In die volgende afdeling sal ons nou nagaan in watter mate daar in Operasies Moduler/Hooper/Packer hieraan voldoen is.

50 Ongepubliseerde herinneringsgeskrif van genl.maj. Roland de Vries in outeur se besit.

51 *Ibid.*

52 Denis Earp, “The role of air power in Southern Africa”, *Strategic Review for Southern Africa*, April 1986, p. 34.

#### 4. DIE SAW WORD INGESUIG

Om te verstaan hoe die SAW in 1987 by die burgeroorlog tussen Unita en die MPLA betrokke geraak het, is dit nodig om kortliks die agtergrond te skets. Baie kortliks en ongenueanseerd geformuleer: Nadat hy sy vingers tydens Operasie Savannah in 1975-1976 lelik verbrand het, was Suid-Afrika baie lugtig om by die burgeroorlog betrek te word. Hy het in sy eie belang militêre en politieke steun aan Unita verleen, maar sy eintlike vyand is geïdentifiseer as Swapo. Die hulp aan Unita was bedoel om dié stryd te ondersteun. Sedert 1983, toe die regering baie langtand toegee het aan ’n dringende Unita-versoek dat bomwerpers lugsteun verleen aan dié beweging se beleg van die garnisoendorp Cangamba, het die SAW stappie vir stappie meer betrokke geraak. In 1985 het SALM-vragvliegtuie tydens ’n MPLA-offensief duisende Unita-troepe gehelp om vinnig tussen twee fronte te wissel, terwyl die Suid-Afrikaanse artillerie ook ingeskakel is en Lugmag-bomwerpers lugsteun verleen het. In 1986 het iets soortgelyks gebeur.<sup>53</sup>

Al drie gevalle het sekere eienskappe in gemeen gehad: Hulle was almal beperk in omvang, vinnig verby en bowenal klandestien. Die wêreldmedia het weliswaar druk gegis dat Suid-Afrika betrokke was, maar daar was geen bewyse nie.

Teen 1987 was dié patroon taamlik gevestig. En toe die MPLA onder Sowjet-leiding teen Augustus van dié jaar dus opnuut met ’n offensief uit die rigting van Cuito Cuanavale begin om die Unita-bastions Mavinga en Jamba te verower en Unita uit te knikker, het laasgenoemde opnuut hulp gevra. Wéér het die Suid-Afrikaanse politieke en militêre leiding gemeen dat die patroon van 1983-1986 herhaal kan word – dat die SAW beperkte, kort en klandestiene lug- en artilleriesteun kon verleen en vinnig onttrek.

Dat die algemene denke in hoë weermagkringe reeds baie vroeg in die teken van ’n beperkte operasie gestaan het, word geïllustreer deur ’n dokument, gedateer 5 Junie 1987, waarin verskillende opsies deur Leërhoofkwartier uitgestippel word. Die opsies self is nie vir die doeleindes van hierdie artikel relevant nie, maar onder die riglyne wat vir die beplanning vermeld word, staan dít: “Alle operasies wat onderneem word, moet nie weerwraakaanvalle binne SWA uitlok nie. Die konflik moet ook nie toegelaat word om buite SWA GM [Gebiedsmag] in die besonder of die SAW se vermoë in die algemeen te eskalleer [*sic*] nie.” Die

53 Vgl. Dick Lord, *From fledgeling to eagle. The South African Air Force during the Border War* (Johannesburg, 2008), pp. 289-294 en 347-359; George, pp. 166-170 en 193-195; Clive Wilsforth, *First in, last out. The South African Artillery in action 1975-1988* (Johannesburg, 2010), pp. 220 en 241-246; Breytenbach, *Buffalo soldiers*, pp. 254-256 en 266-271; Willem Steenkamp, *South Africa's Border War 1966-1989* (Gibraltar, 1989), pp. 133, 135 en 144-145; Heitman, pp. 13-19; Bridgeland, *The war for Africa. Twelve months that transformed a continent* (Gibraltar, 1990), pp. 15-18.

“sentrale gedagte,” het die dokument gelui, “is dus om die offensief te laat misluk sonder dat die RSA totaal verbind word”.<sup>54</sup> Twaalf dae later is die formele opdrag uitgereik dat die SAW Unita moes bystaan om ’n Fapla-offensief in die rigting van Mavinga te stuit. Daar was egter ernstige beperkings: In dié stadium het dit slegs bystand rakende tenk- en lugafweer behels, met gebruikmaking van elemente van 32 Bataljon (met uitsluiting van die Ratel-90s van dié se tenkafweerpeloton) en Spesmagte. As dit nie help nie, sou die Lugmag ingespan word – maar Unita moes absoluut nie vooraf daarvan weet nie (en indien dit sou gebeur, moes die Lugmag nie nader as 30 km aan Cuito Cuanavale kom nie). Bowendien moes 32 Bataljon nie offensief aangewend word in situasies waar hy verliese kon ly nie, geen SAW-personeel of -toerusting mog deur die vyand gebuit word nie, en 61 Meg moes glád nie aangewend word nie. “Operasies moet waar moontlik as Unita-operasies onderneem word, en terugspoorbaarheid na die RSA moet tot ’n minimum beperk word,” was die bevel. Artilleriesteun is beperk tot ’n battery 127mm-Valkiri-meervoudige vuurpyllanseerders.<sup>55</sup>

Fred Bridgeland som die beperkings só op: “No men must be lost, no equipment must be lost, and you must achieve all your objectives.”<sup>56</sup>

Dit was natuurlik militêr absurd, ofskoon dit op sigself begryp kan word in die lig van die patroon van kleinskaalse, klandestiene SAW-operasies ter ondersteuning van Unita wat sedert 1983 ontwikkel het. Die absurditeit het inderdaad gou in die praktyk geblyk, want die Fapla-offensief was op ’n aansienlik groter skaal as wat tevore ondervind is. Dit was die begin van wat Jan Breytenbach ’n “fatally flawed incremental nature” van die besluitnemingsproses noem.<sup>57</sup>

Die volgende stap was dat drie senior operasionele bevelvoerders aan die front – kols. Piet Muller, bevelvoerder van Sektor 20 en in dié stadium bevelvoerder van Operasie Moduler, Jock Harris, bevelvoerder van 32 Bataljon, en Fred Oelschig, SAW-skakeloffisier by Unita – by die Hoof van die Leër, lt.-genl. Kat Liebenberg, aangedring het op versterkings. Hulle wou hê 32 Bataljon se Ratel-90-tenkafweerpeloton, asook ’n battery G-5-kanonne en 120 mm-mortiere, moes na die front gestuur word. Liebenberg het ingestem, en selfs verder gegaan: 61 Meg kon (sonder sy tenkeskadron) aan die front ontplooi word, maar moes slegs as laaste redmiddel in ’n finale beslissende geveg aangewend word om die vyand te vernietig. Die artillerie is na Mavinga gevlieg, terwyl 61 Meg, onder leiding van

54 H Leër/D Ops/309/1, “Beplanning: Op Modular”, 5 Junie 1987, paragrafe 5 en 15, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/40cc903636348751e4d8264c16260045460d5ac6\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/40cc903636348751e4d8264c16260045460d5ac6_1.pdf)>.

55 HS Ops/UG/309/4/Coronation, “Opsinstruksie 11/87: Walene”, 17 Junie 1987, paragrafe 4 en 6-10, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/d09e9cc49a1475c4b535a7a3ce817a0cf3d2e12f\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/d09e9cc49a1475c4b535a7a3ce817a0cf3d2e12f_1.pdf)>; H Leër D Ops/309/1, “Op instr 18/87: Op Modular”, 22 Junie 1987, paragrafe 6 en 9, <[http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/0a00efa4afdebe7bf164c7d30c249a677d7b1428\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/0a00efa4afdebe7bf164c7d30c249a677d7b1428_1.pdf)>.

56 Bridgeland, *The war for Africa*, pp. 32-33.

57 Breytenbach, *The Buffalo soldiers*, p. 273.



kmtd. Kobus Smit, hom voorberei het om na die verwagte slagveld te vertrek.<sup>58</sup> Die weifelende aard van die SAW se groeiende betrokkenheid is geïllustreer deur ’n sin in die artillerie se mobiliseringsbevel, dat “the safety of RSA personnel is a higher priority than the success in operations”.<sup>59</sup>

Op 19 Augustus het ’n verdere belangrike stap gevolg. Op dié dag het die Valkiri-vuurpyllanseerders op Fapla-konsentrasies noord van die Lombarivier losgebrand.<sup>60</sup> Aangesien Unita nie oor dié tipe wapen beskik het nie, kon die Angolese militêre vanaf dié dag weet dat die SAW op ’n beduidende skaal by die gevegte betrokke geraak het. Met ander woorde, die Suid-Afrikaanse strewende dat die SAW-rol klandestien sou bly, kon vanaf 19 Augustus nie meer bereik word nie.

Nege dae later het genl. Jannie Geldenhuys, Hoof van die Weermag, Liebenberg en lt.-genl. Denis Earp, Hoof van die Lugmag, op ’n besoek aan Rundu ingesien dat nóg meer nodig was. Hulle het ingewillig om die beperkings op die offensiewe aanwending van die Lugmag en 61 Meg op te hef. Bowendien is 61 Meg versterk met twee kompanies van 101 Bataljon. Om die versterkte SAW-aanwesigheid te koördineer is ’n nuwe formasie, 20 Brigade, in die lewe geroep, met kol. Deon Ferreira, ’n veteraan van vele gevegte en veldtogte, in bevel.<sup>61</sup>

Met die toestemming om die artillerie, 61 Meg en die Lugmag offensief aan te wend, het die strategiese, operasionele en taktiese situasie beslissend verander. 61 Meg was een van die SA Leër se unieksaamgestelde gemeganiseerde eenhede, met twee gemeganiseerde infanteriekompanies in Ratel-20s, ’n pantserkareskadron (Ratel-90s), ’n tenkeskadron (Olifant Mk 1), ’n battery G-5s, ’n tenkafweerpeloton (Ratel-90s), ’n mortierpeloton (Ratel-81s) en ander ondersteuningseenhede. Saam met sy sustereenheid, 4 SAI, was 61 Meg die Leër se swaarste konvensionele eenheid, wat boonop permanent in die operasionele gebied gestasioneer was en aan haas elke groot oorgrens-operasie sedert 1978 deelgeneem het. Met ’n sterkte van meer as duisend man en ’n konvooi van 120-130 voertuie kon hy eenvoudig nie die Angolese grens klandestien oorsteek nie, laat staan ongesiens in gevegte met Fapla betrokke raak. Alle sprake van geheimhouding het met die besluit van 28 Augustus totaal onmoontlik geraak. Trouens, die Angolese regering het Suid-Afrika se hulp aan Unita reeds einde Julie wêreldkundig gemaak.<sup>62</sup>

58 W Dorning, “A concise history of Operation Modular” (ongepubliseerde SAW-dokument), pp. 24-30; Telefoniese onderhoud met kol. Piet Muller, 3 Junie 2011; Bok Smit, “Operation Modular”, <[www.61mech.org.za/operations/19-operation-modular](http://www.61mech.org.za/operations/19-operation-modular)>.

59 Wilsworth, p. 267.

60 Nortje, p. 236.

61 Dorning, pp. 34 en 39; “Voorligting aan senior offisiere van die SAW oor Operasie Modular/Hooper”, s.a., p.20, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/43a13db287e52e92019a07ba29287ca33a2ceb00\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/43a13db287e52e92019a07ba29287ca33a2ceb00_1.pdf)>.

62 Michael Parks, “S. African-led forces fight in Angola; battles may signal expansion of Pretoria’s military operations”, *Washington Post*, 29 Julie 1987.

Teen dié agtergrond gebied die gesonde verstand jou dat alle verdere terughoudendheid in die aanwending van die nodige SAW-eenhede nutteloos sou wees. As Fapla – en dus die wêreld – wéét dat jy op ’n beduidende skaal aan Unita se kant betrokke raak, wat is die sin om verdere terughoudendheid aan die dag te lê? Die ervaring van die voorafgaande jare met oorgrens-operasies, so is hier bo aangedui, het die SAW juis geleer dat hy snel met voldoende magte moes slaan, die noukeurig omskrewende taak so vinnig moontlik afhandel, en terugtrek voordat die internasionale druk só groot word dat jy tot ’n vernederende terugtog gedwing word. Maar verstommenderwys het die SAW-leiding voortgegaan met die aarselende en inkrementele wyse waarop hy stadig maar seker in die gevegte ingesuig is.

Selfs *Die Burger*, ’n koerant wat die Nasionale Party-regering normaalweg sonder veel kritiek gesteun het, het begin Oktober in ’n hoofartikel gevul met kommer geskryf:

“Dit maak nie sin dat buitelandse nuusmedia deur middel van vreemde nuusagentskappe oorsee publisiteit gee aan ons betrokkenheid in Angola, terwyl die mense vir wie dit die belangrikste is – die ouers van die seuns wat daar veg en die publiek wat dit finansier en moreel steun – nie bevredigend deur hul eie plaaslike nuusmedia ingelig kan word nie.”<sup>63</sup>

Die veel kritieser *Cape Times* het saamgestem:

“If South African land or air forces have been committed across our borders in somebody else’s civil war the South African taxpayers are entitled to be told what is going on – and how the use of costly resources of men and material can be justified in the national interest ... The secrecy of the SADF in this instance is unacceptable in a country which maintains a citizen army. How can you get the support of the people for a war on foreign soil if you do not even tell the people what you are doing and why you are doing it?”<sup>64</sup>

Dié artikels word aangehaal ter illustrasie van die feit dat die hele wêreld in die loop van September van die SAW se betrokkenheid geweet het. Verdere geheimhouding was eenvoudig sinloos. Dat die politici en generaals steeds gedink het hulle kan ’n beperkte, klandestiene operasie voer, getuig van politieke naïwiteit in die hoogste graad. En aangesien die hele wêreld dit geweet het, het die noodsaak om slegs beperkte middele beskikbaar te stel – en dit bowendien aan allerlei absurde militêre beperkings onderhewig te stel – weggeval. Veel meer magte sou sonder bykomende politieke skade reeds in die loop van September aangevoer kon word.

Hieruit voortspruitende is daar nog ’n relevante aspek waarvan ’n mens eers die agtergrond moet skilder. Met Operasies Reindeer (1978), Sceptic (1980), Protea en Daisy (1981), was die SA Leër se belangrikste pantservoertuig aanvanklik die Eland-90, en later die Ratel-90. Veral die Ratel was in al sy gedaantes ’n uitstekende voertuig met ’n ongekende beweeglikheid, die belangrikste enkele wapenstelsel wat die operasies moontlik gemaak het. Tydens Operasie Protea het die SAW in 1981 vir die eerste keer op groot skaal met Fapla slaags geraak, en toe met

63 *Die Burger*, 2 Oktober 1987.

64 *Cape Times*, 29 September 1987.

Russiese T-34-tenks te make gekry. Teen dié verouderde tenk, wat uit die Tweede Wêreldoorlog gedateer het, was die 90 mm-kanon van die Eland en Ratel, selfs met hul lae trompsnelheid en gebrekkige deurdringingsvermoë, opgewasse. Maar met Operasie Askari, einde 1983, het dié pantserkarre hulle vasgeloop teen die veel beter T-54/55, met veel sterker pantser en ’n beter kanon (100 mm). Ondanks hul dun pantser het die Ratels en Elande weliswaar – met groot moeite – hul man teen die T-54/55s (en die vyand se formidabele 23 mm-snelvuurkanonne) gestaan, maar vir die destydse bevelvoerder van 61 Meg, kmdt. EP van Lill, was dit duidelik dat sake nie só kon voortgaan nie. En dus het hy genl. Constand Viljoen, Hoof van die Weermag, op ’n besoek aan die front, gevra om Olifant-tenks te stuur.<sup>65</sup>

Die tenks is as E-eskadron tot 61 Meg toegevoeg, maar aangesien die Weermag in die jare onmiddellik hierna geen groot oorgrens-operasie onderneem het nie, is die personeel teruggeroep na die Pantserkool in Bloemfontein. Die tenks het by 61 Meg se basis te Omuthiya agtergebly, en tenkbemannings het van tyd tot tyd daarheen gegaan om met die res van die eenheid te oefen.<sup>66</sup> Die tenks was dus reeds te Omuthiya. Al wat nodig was, was om die bemannings uit Bloemfontein oor te vlieg, die Olifante te aktiveer en saam met die res van 61 Meg na die front in Angola te vertrek.

Dit het nie gebeur nie. Die eenheid het sónder tenks uit sy basis te Omuthiya beweeg. Sy beste pantserwapen was die Ratel-90. Volgens een bron wou pres. PW Botha, toe hy die front op 29 September 1987 besoek het, ongeduldig weet waarom die Leër nie Olifant-tenks – waarin groot geld vir modernisering en verbetering belê is – gebruik nie. Die antwoord was dat die Leër nooit verwag het dat die politici toestemming daarvoor sou gee nie, gesien in die lig van die beperkings waaronder die Leër moes opereer. Dit het die deurslag gegee vir die aanwending van ’n tenkeskadron.<sup>67</sup> Dit illustreer die algemene ingesteldheid van terughoudendheid wat die SAW in dié stadium gekenmerk het. Selfs op 7 September het genl. Geldenhuys nog bepaal dat “[s]afety of own forces and equipment is of cardinal importance and blatant risks may not be taken”, en dat “operations are to be undertaken as UNITA operations and possible tracing to RSA kept to the minimum”.<sup>68</sup> Dit nadat die SAW-teenwoordigheid in Angola reeds wêreldwyd begin uitlek het.

Hierna het ’n reeks gevegte aan die Lomba gevolg, waarin die Fapla-poging om die rivier oor te steek en na Mavinga op te ruk, gestuit is. In die proses is verskeie van die vier Fapla-brigades ernstige verliese toegedien, met as hoogtepunt toe 61 Meg 47 Brigade op 3 Oktober feitlik heeltemal platgeloop het. Maar die

65 E-pos van kol. EP van Lill, 18 April 2011.

66 E-pos van kol. André Retief, 25 April 2011.

67 Evert Jordaan, “The role of South African armour in South West Africa/Namibia and Angola, 1975-1989”, *Journal for Contemporary History* 31(3), 2006, p. 175.

68 C SADF – C Army, 7 September 1987, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/b18b40e50be397d9bad1d0956764350393b469af\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/b18b40e50be397d9bad1d0956764350393b469af_1.pdf)>.

groot sukses van dié gevegte uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt moes nie die feit bekend maak dat die Leër se Ratel-90, sy swaarste beskikbare pantserwapen, ernstig noustrop teen die Angolese T-54/55 getrek het nie. Dikwels het dit die Ratels tot ses skote gekos om 'n Angolese tenk te vernietig. Die Ratels is gered deur hul geweldige beweeglikheid, asook deur die Suid-Afrikaanse bemannings se veel beter opleiding en hul offisiere se groter professionaliteit.<sup>69</sup>

Die langsame eskalاسie van die SAW-betrokkenheid het begryplikerwys groot ontevredenheid by offisiere uitgelok. In 'n dokument waarin die lesse van die operاسie bespreek is, word by implikasie skerp kritiek op die besluitnemers in Pretoria en Kaapstad uitgespreek. Onder die hofie “Oorhoofse beplanning” word gesê: “Tets was êrens nie pluis nie en die doel van die op[erاسie] nie duidelik [nie] of tydens die op[erاسie] gewysig. Aanvanklik was dit minimum betrokkenheid maar dit het geleidelik gegroei tot grootskaalse betrokkenheid maar ook nie genoeg om op die regte tydstop die uitklophou toe te dien nie.” Die kritiek is in die volgende woorde voortgesit: “Dit, tesame met die beperkings op ongevalle, vyandelike lugoormag, en die feit dat die beste handelswyse nie gebruik kon word nie [’n verwysing na die weiering om wes van die Cuito in Fapla se agtergebiede te slaan? – die outeur kom later hierby uit], het gelei tot ’n uitgerekte kampanje teen die vyand, wat hom op die ou end so sterk ingegrawe het oos van die Cuitorivier dat hy nie sonder ’n baie groot poging (en ongevalle) vernietig/verwyder kon word nie.”<sup>70</sup>

Daar is ook bekend gemaak dat die SAW-doktrine net “*Blitzkrieg*”-operاسies oor die grens toelaat, met ’n maksimum van 30 dae. Logistiek en ander beplanning is daarop gebaseer. “Huidige op[erاسie]s is stadig en uitgerek en duur maande.”<sup>71</sup> Dié kritiek, wat duidelik op die politici en generaals gemik was, het die essensie van die strategiese foute goed saamgevat.

Trouens, in die loop van die operاسie het die SAW-leiding self agtergekom dinge loop skeef op die internasionale front. Nadat die SAW-betrokkenheid in Angola op 11 November bekendgemaak is, het die VN-Veiligheidsraad ’n resoluasie aanvaar waarin die volledige terugtrekking van alle Suid-Afrikaanse magte uit die land geëis is.<sup>72</sup> In ’n dokument uit die kantoor van Kat Liebenberg (wat vermoedelik sy denke weergee), gedateer 8 Desember 1987, is die vrees uitgespreek dat “ons het tyd [wat] betref handelingsvryheid tot 10 Des. 87. Daarna sal toenemende internasionale politieke druk tot so ’n mate op ons uitgeoefen word dat ons gevorseer [*sic*] kan word om teen einde Des. 87 te onttrek.”<sup>73</sup>

69 Vgl. Heitman, hoofstukke 3-8; Bridgeland, dele 2-3.

70 H Leër/D Opl/G/309/1, “Nabetragting Modular/Hooper/Packer”, 30 Mei 1988, aanhangsel B, paragraaf 1 (dokument verskaf deur genl.maj. Roland de Vries).

71 *Ibid.*, aanhangsel B, paragraaf 4 (dokument verskaf deur genl.maj. Roland de Vries).

72 Theresa Papenfus, *Pik Botha en sy tyd*, pp. 531-532.

73 SWAGM VHK 309/1 (Op Moduler) Memorandum, “Op beplanning volgens H Leër riglyne”, 8 Desember 1987, paragraaf 2, <[www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/88673add70e21a4db835ab50b7e896e1ac197cb2\\_1.pdf](http://www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/88673add70e21a4db835ab50b7e896e1ac197cb2_1.pdf)>.

Geen wonder nie dat die gebeurlikheidsbeplanning vir ’n Suid-Afrikaanse inval in Angola in 1988, om die bedreiging van die suidwaartse Kubaanse opmars na die grens met SWA te stuit, vir ’n grootskaalse operasie voorsiening gemaak het wat maksimaal slegs 21 dae sou duur.<sup>74</sup> Die SAW het opnuut besef dat hy vinnig en hard moes slaan en dan onttrek.

## 5. VERDERE ESKALASIE EN STAGNASIE

Nog voor die finale klap wat 61 Meg 47 Brigade op 3 Oktober toegedien het, het onder andere pres. PW Botha, asook die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, en genls. Geldenhuys en Liebenberg die hoofkwartier van 20 Brigade naby Mavinga op 29 September besoek. Ná ’n uitvoerige voorligting oor die stand van sake het Botha ’n uitbreiding van die SAW se strategiese en operasionele mandaat goedgekeur. Hy het toestemming gegee dat die verdedigende aard van die brigade vervang word met ’n teenoffensief. Die doel sou wees om Fapla só hard te slaan dat hy nie voor einde 1988 weer in staat sou wees om ’n offensief teen Unita van stapel te stuur nie.<sup>75</sup>

Die belang hiervan kan geensins oorskat word nie. Dit was ’n reusestep in die verdere eskalاسie van die Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid in die veldtog. Operasioneel is dit vertaal in die opdrag dat die Fapla-magte óf oos van die Cuitorivier vernietig óf weswaarts tot oor die rivier teruggedryf word. Dan moes die rivier self as verdedigingslynjie voorberei en aan Unita oorgedra word, waarna die SAW na SWA/Namibië kon terugtrek. Maar dit het versterkings genoodsaak. Dus is 61 Meg se sustereenheid, 4 SAI – dié keer uiteindelik met inbegrip van ’n tenkeskadron (opgegradeerde Olifant Mk1A’s) – en ’n bykomende G-5-battery en ’n groep selfaangedrewe G-6’e na die operasionele gebied gestuur.<sup>76</sup> Dit het beteken dat 20 Brigade nou bestaan het uit elemente van 32 en 101 Bataljon, 61 Meg, 4 SAI (met ’n eskadron Olifante), twee batterye G-5s, ’n battery Valkiri’s, ’n battery 120 mm-mortiere en ’n troep G-6’e.

Enkele gedagtes hieroor sal nodig wees. Eerstens, as die “geheime” aard van Operasie Moduler reeds in die loop van September met die betrokkenheid van 61 Meg, die G-5-battery en die Lugmag wêreldwyd bekend was, sou dié versterkings verdere geheimhouding geheel en al onsinnig maak. En tog sou dit tot 11 November duur voordat Suid-Afrika sy betrokkenheid eindelijk openlik erken het.<sup>77</sup>

74 H Leër/D Ops/309/4 – Hilti, “Op instr 21/88 Op Hilti”, 30 Mei 1988, paragraaf 17, <www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/f904143ad3c958ddb6600d092f2e0b48a42d247e\_1.pdf>.

75 Dorning, p. 72. Vgl. ook Malan, p. 272.

76 “Beslissingsvoordrag aan H SAW oor voortgesette SAW deelname aan Op Moduler”, s.a., <www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/3d30f10cb32b4d7dc821a26d2f25b97b6675864e\_1.pdf>; H Leër – SWAGM, 7. Oktober 1987, <www.61mech.org.za/assets/files/mediafiles/44dd5d261c679039d5cef43d37b5036b8b33da16\_1.pdf>.

77 “Genl. Geldenhuys meld tenks, stralers en helikopters in stryd”, *Die Burger*, 12 November 1987; John Battersby, “South Africa acknowledges its troops aided Angolan rebels”, *New York Times*, 12 November 1987.

Die Leërmagte sou één verdere versterking kry. In die loop van Desember 1987 is 'n tweede eskadron tenks, beman deur burgermaglede, na die front gestuur. Die rede waarom slegs één eskadron oorspronklik tot 4 SAI toegevoeg is, was omdat die Pantserskool slegs genoeg opgeleide dienspligtiges vir 'n enkele eskadron gehad het,<sup>78</sup> iets wat buitengewoon vreemd klink. Immers, soos hier bo gesien is, het die Leër reeds sedert einde 1983 geweet dat Olifante nodig was teen die Angolese T-54/55s. Daarom is 'n eskadron tenks te Omuthiya by 61 Meg gestasioneer. Waarom daar nagelaat is om vir meer opgeleide tenkpersoneel te sorg, is onbekend, maar dit klink na 'n ernstige fout.

Met dié tweede eskadron tenks het die SAW in Angola min of meer sy hoogtepunt bereik – nie meer as 3 000 man nie.<sup>79</sup>

Hier is nog 'n aspek wat kortliks toeligting verg. Reeds van vroeg in 1987 af het verskeie veldoffisiere by die SAW-leiding daarop aangedring dat die Fapla-offensief nie aangepak word waar hy plaasgevind het – oos van die Cuito – nie. Dit was in die oë van dié offisiere 'n te voorspelbare en regstreekse reaksie, om die vyand te konfronteer waar hy sterk en daarop voorberei was. Die SAW se mobieleoorlogvoeringdoktrine, soos uiteengesit in onder meer Roland de Vries se geskifte, het juis geleer dat die vyand beveg word waar hy swák is en dit nié verwag nie. In dié geval, het hulle gevoel, sou die Suid-Afrikaanse troepe ten beste aangewend kon word *wes* van die Cuito, in Fapla se agtergebiede, om sy toevoerlinies te verbreek en van sy logistieke hinterland af te sny. Dit is om politieke redes verwerp, en die aanvanklike gevegte het dus oos van die Cuito plaasgevind.

Ná PW Botha se besluit dat 'n teenoffensief van stapel gestuur moes word, het die debat weer opgevlam – wes of oos van die Cuito? Ofskoon die wes-opsie ernstig oorweeg is, het die keuse opnuut op die oos-opsie geval.<sup>80</sup> In die gemoedere van diegene wat die keuse gedoen het, het hulle geldige redes daarvoor gehad, en inderdaad is daar verskeie argumente wat ten gunste daarvan aangevoer kan word. Die offisiere wat die teenoffensief gelei het, het geen keuse gehad nie; hulle moes uitvoering gee aan 'n leuse wat die SAW regdeur die Grensoorlog gehad het: “Ons doen wat ons kan met wat ons het waar ons is.” Onder die taktiese bevel van kol. Deon Ferreira het sy nuwe tweede in bevel, kol. Roland de Vries – waarskynlik die grootste eksponent van mobiele oorlogvoering en die indirekte benadering in die SAW – met 'n reeks briljante planne vorendag gekom om die Fapla-brigades tussen die Lomba in die suide en die Chambingarivier in die noorde te vernietig. Dié reeks aanvalle het slegs gedeeltelik sukses gehad. Fapla is gevoelig geslaan, maar het tog

78 E-pos van kol. André Retief, 15 September 2011.

79 Geldenhuys, *Dié wat gewen het*, p. 187; Geldenhuys, *South Africa is fantastik*, p. 131.

80 Die outeur het reeds vroeër aandag hieraan gegee. Vgl. Scholtz, “Cuito Cuanavale ...”, Dié onderwerp word, met gebruikmaking van heelparty nuwe bronne, opnuut breedvoerig bespreek in 'n boek wat oor 'n paar maande verskyn: *Teenoffensief: Die SAW in die Grensoorlog, 1966-1989*.

daarin geslaag om telkens terug te trek en ten slotte oor die Chaminga te ontsnap. Dit sou die bespreking te ver voer om dit in detail te bespreek, maar ’n enkele faktor het ten grondslag aan die reeks ontsnappings gelê – die Suid-Afrikaners was nie sterk genoeg nie. Die kombinasie van 61 Meg en 4 SAI (plus elemente van 32 en 101 Bataljon, wat met hul gemotoriseerde infanterie ’n ondergeskikte rol gespeel het) en artillerie was eenvoudig nie voldoende om Fapla ’n uitklophou toe te dien nie.<sup>81</sup>

Dit het die SAW gedwing om ’n reeks frontaanvalle op Fapla noord van die Chaminga in die eerste drie maande van 1988 te doen. In die proses is Fapla, wie se ruggraat intussen deur Kubaanse versterkings styf gemaak is, in ’n steeds kleiner gebied teruggedruk, totdat die Suid-Afrikaners drie agtereenvolgende frontaanvalle op goed voorbereide verdedigende vyandelike stellings in die sogenaamde Tumpodriehoek gedoen het. Die verdediging, wat intussen deur Kubaanse offisiere aangevoer is, het die Suid-Afrikaanse aanvallers deur slim geplaaste mynvelde, artilleriebombardemente en lugaanvalle gestuit selfs voordat hulle kontak met die Fapla-verdedigers kon maak, en die Suid-Afrikaners het in al drie gevalle met ’n bloedneus teruggesteier.<sup>82</sup>

Die SAW-operasies noord van die Chaminga in 1988 het prinsipieel afgewyk van dié suid van die rivier. Laasgenoemdes – ondanks die beperking dat Fapla nie in sy agtergebiede wes van die Cuito aangepak moes word nie – is gevoer volgens die tipiese mobiele-oorlogvoeringdoktrine wat die SAW sedert die sestigerjare ontwikkel het. Daarenteen is die magte noord van die Chaminga deur die situasie gedwing om toenemend die beginsel van attrisie eerder as mobiele manoeuvres toe te pas. Geen wonder nie dat ’n SAW-dokument waarin die lesse van die veldtog bespreek is, effens kortaf die kwessie van doktrine behandel: “Geen probleme is met bestaande doktrine ondervind nie maar wel in sekere gevalle [met die] toepassing daarvan.”<sup>83</sup>

Die vraag is natuurlik waarom Suid-Afrika die lesse van Operasie Savannah so skromelik geïgnoreer het. Jannie Geldenhuys het op ’n keer daarop gewys dat politieke oorwegings in die Koue Oorlog – en hy het die Grensoorlog as deel van die Koue Oorlog beskryf – veel swaarder as voorheen geweeg het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het pres. Franklin D Roosevelt byvoorbeeld die volgende bevel aan die Geallieerde bevelvoerder in Europa, genl. Dwight Eisenhower, gegee: “Conquer Europe!” Geldenhuys het voortgegaan:

“Dit is wat ek bedoel met ’n absolute opdrag. Daar is nie beperkings op daardie opdrag nie. In die Koue Oorlog het die politici nie net beperkings op jou geplaas nie; hulle het ’n

81 Dié onderwerp word breedvoerig ontleed in die beoogde boek wat in die vorige voetnoot genoem word.

82 *Ibid.*

83 H Leër/D Opl/G/309/1, “Nabetragting Modular/Hooper/Packer”, 30 Mei 1988, aanhangsel A, paragraaf 5 (dokument verskaf deur genl.maj. Roland de Vries).

baie mindere opdrag aan jou gegee. Enigiets wat nie so 'n absolute opdrag is nie, beskou ek dan as 'n beperkte opdrag. In die vorige Wêreldoorloë en konvensionele oorloë was die soort opdrag taamlik algemeen. Maar ná Wêreldoorlog II het daardie soort absolute opdrag eintlik verdwyn en is vervang deur beperkte opdragte. Dit plaas die 'limited objective' wat ek in Angola sou gehanteer het, dadelik in 'n ander lig. Dis nie ek wat dit uitgevind het nie. Omdat jou opdrag so is, doen jy dit so. Ek wil nie nie hiermee sê dat beperkte opdragte verkeerd is nie. Dit kan verkeerd wees, maar dit kan ook reg wees.

As jy nou van die Grensoorlog praat, kan jy praat van die Koue Grensoorlog, of in die algemeen BO-oorloë (Beperkte Opdrag-oorloë). In hierdie milieu moet jy jou oordeels-maatstawwe verander.”<sup>84</sup>

Geldenhuis het hiermee te kenne gegee dat die Suid-Afrikaanse militêr-strategiese benadering in 1987-1988 nie net met militêre maatstawwe gemeet kan word nie; dat veiligheidstrategiese – of politieke – oorwegings ook ter sprake is. En inderdaad, een van die sentrale elemente van die Pruisiese militêre filosoof, Carl von Clausewitz, se ontleding is die primaatskap van die politiek in oorlogvoering. Aangesien dit die regering is wat die politieke doel van 'n oorlog bepaal, kan geen operasionele plan, geen krygshandeling, “suiwer militêr” beoordeel word nie; dit moet gemeet word aan die vraag of dit die bereiking van die politieke doel naderby bring of nie, het hy in 'n brief geskryf.<sup>85</sup> Meer nog, die politieke doel sal die hele aard van die oorlog bepaal:

“Hoe kleiner die offer is wat ons van ons teenstander eis, hoe minder, kan ons verwag, sal sy poging wees om dit van ons te weerhou. Hoe geringer dit [die vyand se poging] egter is, des te geringer hoef dié van óns te wees. Verder, hoe kleiner ons politieke doel is, des te geringer is die waarde wat ons daaraan heg, en des te eerder sal ons bereid wees om dit prys te gee: *dus hoe kleiner word om dié rede ook óns moeite.*”<sup>86</sup>

Letwat later borduur hy hierop voort:

“Hoe groter en sterker die motiewe van 'n oorlog is, hoe meer dit die lewe van 'n volk omvat, des te gewelddadiger die spanning is wat die oorlog voorafgaan, des te meer sal die oorlog sy abstrakte gestalte [van onbeperkte geweld – LS] benader, des te meer sal dit om die onderwerping van die vyand gaan, des te meer val die militêre en die politieke doel saam, des te suiwerder oorlogagtig, weiniger polities skyn die oorlog te wees.”<sup>87</sup>

Die teenorgestelde is ook die geval – hoe swakker die motiewe en spanning is, des te minder word die geweldselement en hoe meer politiek word in die oorlog geïntegreer.<sup>88</sup> In beginsel bevestig dit Geldenhuis se ontleding: Aangesien die Grensoorlog – en dit sluit Operasies Moduler, Hooper en Packer in – beperk van aard was, het politieke oorwegings 'n aansienlik groter rol gespeel as wat byvoorbeeld in 1939-1945 die geval was. Maar selfs as 'n mens dié feit na waarde skat, neem dit steeds nie weg dat die duur les van Operasie Savannah in 1987 eenkant toe gegee is

84 Onderhoud met genl. Jannie Geldenhuis, 20 Desember 1986.

85 Peter Paret, “Clausewitz”, in Paret (red.), *Makers of modern strategy from Macchiavelli to the Nuclear Age* (Oxford, 1986), p. 200.

86 Carl von Clausewitz, *Vom Kriege* (Berlyn, 1998), I/1, p. 35. (Clausewitz se kursivering.)

87 *Ibid.*, pp. 44-45.

88 *Ibid.*



nie. Ook wanneer die geldigheid van 'n beperkte politieke doel (die voortgesette oorlewing van Unita terwille van die stryd teen Swapo) aanvaar word, beteken dit dat die soldate binne die grense daarvan die beste militêre weg moet soek wat die beste resultate met die kleinste prys lewer. Hulle is nie toegelaat om dit te doen nie. Trouens, die meer ambisieuse operasionele doel wat PW Botha op 29 September goedgekeur het, saam met die ekstra magte wat daarvoor beskikbaar gestel is, het die vroeëre terughoudendheid onsinnig gemaak. En selfs toe het die bevelvoerders te velde onvoldoende troepe en te min operasionele vryheid gekry om Botha se opdrag ten beste uit te voer.

Met die Suid-Afrikaanse magte wat by Tumpo vasgeval het, het die SAW en regering ingesien dat verdere pogings nie die moeite werd was nie, aangesien die basiese doelstelling bereik is. Die brigade by Tumpo is teruggetrek en vervang met 'n vegspan wat 'n veel groter mag gesimuleer het.

Uiteindelik het die Kubaanse diktator, Fidel Castro, met 'n volkome onverwagse manewer gekom deur 'n elite-eenheid, 50 Divisie, van Kuba na Angola te stuur en dié mag as 't ware om die Suid-Afrikaners by Tumpo se westelike flank suidwaarts na die Suidwes-grens te laat opruk. Dit was 'n briljante manewer, want daardeur het hy die inisiatief deels herwin. Dit het aanleiding tot 'n paar gevegte gegee, maar dit het ook bygedra tot die vredesamesprekings, 'n vredesakkoord, die onafhanklikwording van die nuwe Namibië en die onttrekking van alle Kubaanse troepe uit Angola. Daarmee kon alle kante in die konflik op 'n oorwinning aanspraak maak.

Die meeste Suid-Afrikaanse troepe – met die uitsondering van 'n klein gevegsgroep – is teen die begin van April 1988 uit Angola onttrek.<sup>89</sup> Daarmee het die SAW se aktiewe betrokkenheid by dié fase van die Angolese Burgeroorlog 'n volle agt maande geduur.

## 6. SLOT

'n Paar gevolgtrekkings oor die finale fase van die Suid-Afrikaanse aandeel in die Angolese Burgeroorlog lyk geregverdig:

- Suid-Afrika se strategiese situasie het in 1987 vereis dat hy, wanneer hy oor die grens in Angola wou slaan, reg van die begin af 'n haalbare politieke doel moes formuleer. Die SAW moes in staat gestel word om dit blitsvinnig en met voldoende magte te doen en dan so gou moontlik weer terug te trek.
- Uit die regering en SAW-leiding se aarseling en weifeling kan egter gesien word dat geen duidelike politieke doel aanvanklik bestaan het nie. Bowendien het die buitengewoon naïewe idee bestaan dat 'n brigade met honderde

---

89 Heitman, pp. 285-294.

voertuie en artillerie met lugsteun yslike veldslae met Fapla in Angola kon voer sonder dat dit sou uitlek.

- Operasioneel en takties het die SAW uitstekend gevaar en feitlik elke geveg waarin hy gewikkel was oortuigend gewen.
- Die uitsondering was die laaste drie aanvalle in die Tumpo-driehoek in Februarie en Maart 1988, toe die Kubane die leiding van die verdediging oorgeneem en dit só intelligent beplan het dat die Suid-Afrikaanse aanvallers telkens deur mynvelde, artillerievuur en lugaanvalle gestuit is voordat hulle kontak met die Angolese verdedigers kon maak.
- Die fundamentele rede vir laasgenoemde drie terugslae was dat die SAW weens vroeëre foutiewe beslissings afgewyk het van sy mobiele, indirekte doktrine en teruggeval het op 'n tipiese Tweede-Wêreldoorlogse benadering van frontaanvalle op goed voorbereide verdedigende stellings – attrisie. Dié benadering was nie die keuse van die bevelvoerders aan die front nie; dit is deur die generaals in Pretoria aan hulle opgedwing.

Teen dié agtergrond kan 'n mens geen ander gevolgtrekking bereik nie: Op militêr-strategiese vlak was die leiding van die oorlog nie goed nie.

Hierteenoor moet gestel word dat genl. Jannie Geldenhuys in die vredesproses in 1988 uitstekend met die direkteur-generaal van buitelandse sake, Neil van Heerden, saamgewerk het. Ofskoon die SAW en die Departement van Buitelandse Sake deur die oorlogsjare dikwels van mening verskil het, het Geldenhuys en Van Heerden in 1988 ooreengekom om altyd één lyn teen sowel die opponente as hul eie regering te trek.<sup>90</sup> Te oordeel aan die sukses wat hulle behaal het, was albei die regte mense op die regte plek en op die regte tyd. In die lig van die militêre foute wat in die loop van die veldtog begaan is, was dié uiteindelijke sukses egter nie vanselfsprekend nie.

---

90 Wolvaardt, Wheeler en Scholtz (reds.), p. 284 (herinnering van Neil van Heerden).